Martin Luther

Kan jy dink dat ’n man deur ’n weerligstraal se toedoen ’n **monnik** geword het? Dit is inderdaad wat met **Martin Luther** gebeur het. En as jy nie weet wat ’n monnik is nie: Dit is ’n man wat hom aan die wêreld onttrek en hom saam met ander in ’n **klooster** heeltemal aan sy godsdiens toewy. [1]

Die 95 leerstellings wat hy neergeskryf het en waarin hy homself sterk teen die Rooms-Katolieke kerk uitgespreek het, het van hom ’n bekende naam gemaak en een wat ons nou nog onthou en oor praat.

Martin Luther het ’n geweldige invloed op die moderne kerk gehad; inteendeel, dit was dié Duitse **leraar** wat in 1517 met die Hervorming begin het. Die Hervorming was ’n tydperk van godsdienstige veranderinge in die 16de eeu in Europa wat die Protestantse kerke tot stand laat kom het. [2]

Luther is ook bekend vir sy Duitse vertaling van die Bybel uit Latyn wat die Bybel vir meer mense toeganklik gemaak het. [3]

Die beweging se doel was om die Rooms-Katolieke kerk te verander of hervorm, maar dit het toe tot die stigting van **Protestantisme**, een van die hoofvertakkings van Christenskap, gelei. Die Protestantse kerkvertakking **Lutheranisme** is op Luther se leerstellings gegrond, veral die stelling dat verlossing alleenlik deur geloof bewerkstellig kan word.

Luther se agtergrond

Luther is op 10 November 1483 in Eisleben, Sakse, gebore. Daardie tyd was Sakse deel van die Heilige Romeinse Ryk, maar vandag is daardie omgewing deel

van Duitsland. Die Luther-gesin was nie baie ryk nie, en hulle is as deel van die sogenaamde “laer werkersklas” beskou, al het sy pa ’n paar kopermyne besit. Sy pa se naam was Hans en sy ma se naam was Margaretta. Hulle was godsdienstige mense en harde werkers. [4]

Luther was die oudste kind, en sy ouers wou graag gehad het dat hy regte moes studeer. Luther het aan die Universiteit van Erfurt studeer, maar het al op 17-jarige ouderdom opgeskop. Hy het nie van die regte gehou nie en gevoel dat dit sinneloos is. Hy het meer in **filosofie** belanggestel, maar het ook nie regtig sy plek daar gevind nie.

In Julie 1505 verander dinge vir hom. Hy was in ’n hewige storm op die pad, en ’n weerligstraal het ’n boom naby hom getref. Hy was so vreesbevange dat hy uitgeroep het dat hy ’n monnik sou word as hy gered word. Hy het dit natuurlik oorleef, en was so ernstig oor hierdie belofte dat hy sy handboeke verkoop en hom by ’n klooster ingeskryf het. Sy pa was baie ontevrede hieroor, maar Luther het met sy plan deurgedruk. Dit was nie ’n maklike lewe by die klooster nie. Dit was ’n baie streng dissipline van vas, studies, gebede en belydenis van sondes.

Hy was ’n ywerige student en het in 1505 ’n gevorderde graad verwerf. Hy het sodoende ’n Rooms-Katolieke monnik en priester geword en het so goed met sy studies gevaar dat hy later klasse in Bybelstudies aan die Universiteit van Wittenberg gegee het.

Luther se studies en begrip van die Bybel het hom anders oor geloof en God laat dink. Hy het besef dat dit wat die Bybel sê en dit wat die destydse Rooms-Katolieke kerk gedoen het, twee verskillende dinge is. Hy was baie bekommerd daaroor, veral omdat die destydse kerk mense se geld gevat het in ruil vir die “vergifnis” van hul sondes. Dit terwyl die Bybel mense presies vertel hoe God sondes kan vergeef.

Hy het besef dat die kerk verkeerd was en dat dinge anders moes wees. Luther het geglo dat jou geloof in God as vergifnis vir sondes sou dien en dat geld jou nie in die hemel kon bring nie. Hy het gesien dat daar baie korrupte kerkmense was, en hy het besef dat hulle hopeloos te veel mag gehad het. Dit het hom gedryf om iets te doen wat tot groot konflik met die Rooms-Katolieke kerk gelei het.

In 1517 het Luther ’n lys van 95 leerstellings oor geloof geskryf. Historici is nie seker of dit werklik gebeur het nie, maar volgens oorlewering het hy dit teen ’n kerk in Wittenberg se deur vasgespyker. Hierdie dokument het kritiek teen die Rooms-Katolieke kerk en amptenare bevat. Hy het dit in Latyns geskryf, maar dis sommer gou deur sy volgelinge in Duits vertaal en toe versprei, selfs na Engeland en Frankryk. Dit het die Hervorming aan die gang gesit. [4]

Dit het die leiers van die Rooms-Katolieke Kerk egter baie kwaadgemaak. Verhore het gevolg, en hulle het daarop aangedring dat hy sy woorde moes terugtrek. Hy het geweier en voet by stuk gehou dat dit wat hy gesê het, die waarheid is.

Die pous het hom **geëkskommunikeer**, met ander woorde verban uit die kerk. Luther is vervolgens in 1521 uit die kerk geskop. Hy is selfs as **voëlvry** verklaar, wat beteken dat hy nie meer deur die wet beskerm was nie. Hy kon basies deur enigiemand vervolg word en is van alle burgerlike regte gestroop.

Hy het gevolglik na ’n kasteel naby Eisenach gevlug en terwyl hy weggekruip het, het hy die Nuwe Testament in Duits vertaal sodat meer mense dit kon lees en verstaan. Hy het eers in 1522 na Wittenberg teruggekeer. [4]

Hy het die res van sy lewe geskryf, gepreek en die Hervormde kerk in Sakse bestuur. Hy is op 18 Februarie 1546 op sy geboortedorp, Eisleben, dood. [3]

Woordbank

filosofie	’n Wetenskap wat die bestaan en betekenis van die lewe ondersoek.
geëkskommunikeer	As ’n mens uit die kerk verban word. [1]
klooster	’n Gebou waar monnike of nonne woon. [1]
leraar	’n Dominee of predikant in sekere Christelike kerke. [1]
Lutheranisme	Die geloof of praktyke van die Protestantste kerkvertakking, gegrond op die leerstellings van Martin Luther, veral die geloof dat verlossing deur geloof alleen bewerkstelling kan word. [2]
monnik	Dit is ’n man wat hom aan die wêreld onttrek en hom saam met ander in ’n klooster heeltemal aan die godsdiens wy. [1]
Protestantisme	’n Christelike kerk wat uit die Hervorming van die 16de eeu ontstaan het. [1]
Rooms-Katolieke Kerk	Christelike Kerk wat onder die gesag van die pous van Rome staan.
voëlvry	Wat nie meer deur die wet beskerm word nie, van alle burgerlike regte gestroop word en deur enigiemand vervolg kan word. [1]

Lees hierdie artikels om nog meer te leer oor Martin Luther en die Hervorming

- **Meer inligting oor Martin Luther**
- **Wat behels Lutheranisme?**
- **Die Hervorming**

Kyk hierdie video’s om nog meer te leer

oor Martin Luther en die Hervorming

Wie was Martin Luther?

Animasie oor Martin Luther

Nog ’n animasie: Luther en die Hervorming